
# HOE KAN MENSE HELP OM PUBLIEKE EN PRIVATE GESONDHEIDSORG VERBETER?

FUNDED BY NIHR National Institute for Health and Care Research
UK International Development Partnership | Progress | Prosperity


This research was funded by the NIHR (NIHR150146) using UK international development funding from the UK Government to support global health research. The views expressed in this publication are those of the author(s) and not necessarily those of the NIHR or the UK government.

Wanneer die regering publieke en private gesondheidsorg gebruik in een stelsel, noem ons dit 'n plurale gesondheidstelsel. Pluraal beteken meer as een – dit gaan oor private en publieke gesondheidswerkers.

Gemengde Gesondheidstelsel: Daar is beide private en publieke gesondheidsorg, maar hulle help verskillende mense.




Private gesondheidsorg



Publieke gesondheidsorg

Plurale Gesondheidstelsel: Die privaat en publiek werk saam om seker te maak dat almal gesondheidsorg kry.



Private gesondheidsorg Publieke gesondheidsorg

Gemeenskappe help is belangrik om gesond te wees, wat deel is van mense se regte.
Ons het 'n oorsig gedoen om te leer hoe mense kan help in 'n gesondheidstelsel.

'n Scoping review (oorsig) is 'n studie wat kyk na wat mense regoor die wêreld oor 'n onderwerp geskryf het, om dit beter te verstaan.

- Verskillende akademiese studies
- Voorbeelde van ander lande
- Wat dieselfde is en wat verskil
- Wat nog verder studeer kan word en voorstelle

# DEELNAME: WAT WEET ONS TOT NOU?

Eerstens, het ons gevind dat min lande mense laat deelneem in plurale gesondheidstelsels.





Tweedens, Brasilië en Thailand is twee lande wat mense laat deelneem in Gesondheidsorg en Mediese Skemas.



Voordele:

Mense kan deelneem op nasionale en provinsiale vlak, en in publieke en private gesondheidsorg.

In Thailand en Brasilië werk die stelsels goed: gesprekke begin by die gemeenskap en gaan na die nasionale vlak, waar dit regte verandering bring. In Thailand help gemeenskapsgroepe met die grootste mediese skema wat 75% van die mense dek. Dit gee mense 'n kans om deel te neem.

Brasilië het nasionale gesondheidskonferensies. Hulle het ook gesondheidsrade op verskillende vlakke: federaal, staat en munisipaal. Hierdie rade gee mense 'n plek om deel te neem en toesig te hou.

In Thailand help gemeenskappe op rade om besluite oor gesondheidsorg te maak.

In Colombia het party groepe nie goed gewerk nie, want min mense het geweet van hulle.

Aparte vergaderings, min inligting en min hulp het dit moeilik gemaak vir mense om deel te neem. In Brasilië het mense verskillend gevoel oor hoe rade na die gesondheidsdienste kyk, want sommige amptenare het hulle gevrees.

Nadele:

## SOSIALE VERANTWOORDING EN HOEKOM DIT SAAK MAAK

Sociale verantwoording beteken mense kan kyk of klinieke en hospitale hulle werk reg doen. As iets verkeerd gaan, kan mense vra wat gebeur het. Mense kan ook klagte maak as iets nie reg is nie.

Ons oorsig wys dat deelname help om mense verantwoordelik te hou. In Thailand het die gesondheidstelsel 'n nasionale klagtekomitee. Op plaaslike vlak het gemeenskapsgroepe klagtes hanteer.

## DINGE WAT BEÏNVLOED HOE MENSE DEELNEEM

1. Politieke geskiedenis was 'n belangrike faktor. In Brasilië en Thailand het politieke veranderinge eers gebeur voordat mense kon deelneem.
2. 'n Wet wat sê mense mag deelneem is belangrik, maar dit alleen is nie genoeg nie.
3. Kapsiteitsbou is belangrik om goed te kan deelneem.
4. Gemeenskapsgroepe speel 'n belangrike rol.
5. Daar moet genoeg geld en hulp wees sodat die structure kan werk.
6. As gesondheidsbestuurders belangstel, werk stelsels beter.
7. Dit is belangrik dat gemeenskapslede en gesondheidsbestuurders ewe sê 'n het.

## IDEES

Van wat ons geleer het uit ons oorsig en mense se regte, stel ons die volgende voor om mense te help deelneem in gesondheidstelsels.

- Mense moet op alle vlakke van die gesondheidstelsel kan deelneem.
- Mense moet deelneem om gesondheidsorg te bestuur, beplan en te kyk dat alles reg gebeur.
- Mense moet help in beide private en publieke fasiliteite. Fasiliteite kan dieselfde komitees gebruik as in die publieke stelsel.
- Mense moet deelneem in mediese skemas, reels, bestuur en fasiliteitsvlakke.
- Daar moet maniere wees om seker te maak almal doen hulle werk reg.
- Daar moet 'n wet wees wat sê mense mag help besluit. Die wet moet ook sorg dat alles reg is sodat mense maklik kan deelneem.